Universiteit van Pretoria

Biblioteekdiens

# BIBLIKASIE

FEBRUARIE

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UP-BESTUURSBERAAD 1988
POSITIEWE BOODSKAP

Ek het werklik uitgesien na die derde bestuursberaad van UP se senior bestuurders. Enersyds, is dit 'n voorreg om saam met die rektoraat, dekane, registrateurs en ander direkteure oor strategiese beplanning ten behoewe van ons universiteit te besin. Andersyds, was ek haastig om by hierdie bestuursberaad daardie inligting te kry wat vir die biblioteekdiens se eie strategiese beplanning noodsaaklik is. Dit is wonderlik om ná die "beraad" met 'n positiewe boodskap na jou mense te kan terugkom. UP se toekoms lyk uiters belowend en is gelaai met positiewe uitdagings. Verder is dit duidelik dat die belangrikheid van die biblioteekdiens as 'n akademiese dinamo steeds sal toeneem.

Tydens ons biblioteekdiens se eie jaarlikse strategiese beplanningsessie in Januarie vanjaar is belangrike insette tot die finalisering van ons 1988-doelwitte gelewer. Die dokument wat hierdie doelwitte uiteensit, sal deur elke topbestuurslid met sy personeel behandel word en ek sê by voorbaat dankie vir u insette om daardie doelwitte te bereik. Daarbenewens het die "bottom-up"-benadering wat by vanjaar se beplanningsessie gevolg is topbestuurslede in staat gestel om knelpunte te identifiseer wat by die voorbereiding van ons doelwitte vir 1989 in ag geneem behoort te word. Omdat ons eie doelwitte steeds aan UP se oorhoofse strategiese beplanning ondergeskik staan, is dit my taak om na aanleiding van UP se bestuursberaad 'n meesterstrategie en langtermynplan vir die biblioteekdiens beskikbaar te stel. Dit voorsien die raamwerk waarbinne elke top- en middelbestuurslid sy afdeling se 1989-doelwitte moet tuisbring.

Met die oog op die finalisering van ons 1989-doelwitte was die bestuursberaad dus vir ons onontbeerlik en ons kan nou voortgaan om die strategieë en aksieplanne uit te spel wat nodig is om hierdie doelwitte te bereik. Op grond daarvan sal ons die hulpbronne wat ons vir 1989 nodig het, bepaal en vorm dit die grondslag van ons 1989-begroting. Dit is dus duidelik dat die UP bestuursberaad van kardinale belang is vir die toepassing van strategiese bestuur deur die biblioteekdiens self.

Dit maak die feit dat ek na die bestuursberaad so positief en gemotiveerd na u kon terugkeer nog meer betekenisvol. Graag noem ek enkele sake wat daartoe bygedra het

- Die wyse waarop UP se senior bestuurders gesamentlik vir die toekoms van die univer siteit beplan, boesem groot vertroue in. Trouens ek meen ons is ander Suid-Afrikaanse universiteite in hierdie verband vér voor!

- Goeie vordering is gemaak met die implementering van besluite geneem op die vorige beraad. Dit bevestig dat die UP-skip reeds op koers geplaas is en beweeg!

- Strategieë ten opsigte van die handhawing en verbetering van akademiese standaarde hou groot belofte in om UP inderdaad die leieruniversiteit in Suid-Afrika te maak. Dit sal ons toenemend met trots vervul om aan UP verbonde te kan wees.

- Die feit dat hoë prioriteit verleen is aan die kwessie van personeelontwikkeling is betekenisvol en hou vir die UP-personeelkorps positiewe belofte in.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


- Die voorsiening van fasiliteite om die samehorigheid tussen personeel en 'n akademiese klimaat aan UP te bevorder (byvoorbeeld deur 'n konferensiesentrum met beter klub- en eetgeriewe daar te stel), dui daarop dat ons by UP 'n besondere lewenskwaliteit sal kan handhaaf.

- Ten spyte van 'n 25% besnoeiing op die Staat se toekenning, kon ons met vreugde kennis neem dat die finansiële toekennings aan senior bestuurders vir 1988 onveranderd bly. Dit is voldoende bewys van die vrugte wat UP se gesonde finansiële bestuur met die nuwe begrotingsbenadering en -prosedures reeds oplewer.

- Laastens, sal faktore soos die vermeerdering in nagraadse studente, die bevordering van navorsing en die optimalisering van die onderrigsproses 'n toename in biblioteekgebruik tot gevolg hê. Die groter druk wat dit vir ons sal meebring, is positief. Dit bevestig die onontbeerlikheid van ons diens en verseker ons toekoms!

Met hierdie positiewe boodskap vanaf ons bestuursberaad gaan ons die jaar inderdaad met verwagting en selfvertroue tegemoet. By voorbaat baie dankie vir u bydrae om van 1988 andermaal 'n groot sukses te maak.

E D Gerryts
17 Februarie 1988



REDAKSIONEEL

Sommer met die intrapslag het 'n mens die gevoel van 'n gewoel en 'n gewerskaf in die Biblioteekdiens. Dit klink asof 1988 net werk en nogmaals werk gaan wees. Met die duisende studente om ons heen, besef ons opnuut ons groot taak.

Na tien jaar gaan Biblikasie ook sy beleidsreglement verander. Rassionalisering het ook hier nie uitgebly nie. Lees die berig oor die heroorweging van die rol en funksie van die nuwe Biblikasie. U word beleef versoek om nog name vir die nuwe blad in te stuur. Onthou R40 is op die spel! Die sluitingsdatum is 15 Maart 1988.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

BIBLIKASIE : HEROORWEGING VAN ROL EN FUNKSIE

1. AGTERGROND

1.1 Die eerste nommer van Biblikasie het in Junie 1976 verskyn om 'n nuwe organisasieklimaat te help skep en om goeie onderlinge kommunikasie te bevorder. Ek meen dit het 'n belangrike rol gespeel om die bereiking van hierdie doelstellings te bevorder. Die vraag is of Biblikasie in die lig van ons pogings tot rasionalisasie, asook die Strategiese Beplanningsoefening van 1986 se identifisering van interne kommunikasie as 'n knelpunt, onveranderd behoort voort te gaan.

1.2 In sy huidige vorm verg Biblikasie hulpbronne wat in die lig van relevantheid van sy inhoud vir die bevordering van die Biblioteekdiens se doeltreffendheid en effektiwiteit waarskynlik moeilik geregverdig kan word. Enersyds, is die inhoud soms minder relevant as wat verwag kan word (in terme van 'n doel soos in par 2 gestel). Andersyds, maak die aanbieding daarvan dit moeilik vir die lees om relevante en aktuele inligting maklik en vinnig te identifiseer.

1.3 Dit wil voorkom asof die aktualiteit van inligting wat direk met die funksionering van die Biblioteekdiens verband hou, en wat deur bemiddeling van Biblikasie vertikaal en horisontaal kan vloei, minder aandag geniet as sake van algemene kulturele en sosiale belang.

1.4 In die lig van bostaande moet topbestuur herbesin oor die doel van Biblikasie en wat gedoen behoort te word om te verseker dat daardie doel bereik word.

1.5 Daar bestaan tans geen beleidsreglement vir Biblikasie nie. Dit bemoeilik konsekwente handeling en besluitneming deur die redaksie en bestuur.

1.6 Ter inligting word 'n fotokopie van 'n bladsy uit die jongste nommer van Bibliba-suin aangeheg (Bylae A).

2. DOEL VAN BIBLIKASIE

Om die vlak van ingeligtheid by personeel van die Biblioteekdiens te verhoog ten opsigte van sake wat vir die funksionering van die Biblioteekdiens relevant is.

3. SPESIFIKASIES VIR BEREIKING VAN DIE DOEL

3.1 Dit moet vir die vertikale en horisontale vloei van inligting voorsiening maak.

3.2 Relevante "produsente" van inligting moet geïdentifiseer en kanale vir die vloei van inligting vanaf hierdie bronne na Biblikasie geskep word.

3.3 Oorwegings ten opsigte van doeltreffendheid en effektiwiteit is deurslaggewend - dit sluit onder andere in:

- die voorbereiding van die blad moet die minimum manure en hulpbronne verg

- die inligting wat die blad dra, moet so maklik en vinnig moontlik "versend" en "ontvang" (benut) word



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

- frekwensie van verskyning moet 'n balans vind tussen die aktualiteit van nuwe inligting en die konsolidasie van bestaande inligting.

3.4 Aansluiting moet gevind word by ander media (binne die Biblioteekdiens, binne UP en in beroepsverband) wat relevante inligting dra.

4. REDAKSIE

Redakteur soos deur Topbestuur benoem.

Onder-redakteur soos deur redakteur in oorleg met die Direkteur geïdentifiseer.

'n Persoon wat die tegniese versorging kan koördineer (tik, reproduksie, bind)

'n Persoon verantwoordelik vir foto's, grafiese voorstellings, ensovoorts.

'n Verteenwoordiger van 'n vertakking van die Biblioteekdiens wat nog nie op die redaksie verteenwoordig is nie.

5. TIPES INLIGTING WAT OORGEDRA BEHOORT TE WORD

5.1 Funksionering van die diens (n.a.v. vergaderings, memoranda, verslae, notules, ens)

- Inligting uit die Direkteurskantoor
- Inligting uit kantore van top- en middelbestuurders

5.2 Personeelsake

- aanstellings, bevorderings, bedankings
- prestasies
- lief en leed
- humor

5.3 Gebeure in die Biblioteekdiens

- besoekers
- skenkings
- uitstallings

5.4 Professionele sake

- Professionele liggame (SAIBI, SABINET, IBK)
- Ander biblioteke
- Konferensies, simposia, ens

5.5 UP-sake

5.6 Eksterne sake wat vir die Biblioteekdiens van belang is.

6. AANBEVELINGS

6.1 dat Biblikasie voortgaan

6.2 dat die inhoud beperk word tot sake wat met die funksionering van die biblioteekdiens verband hou

6.3 dat die redakteur in oorleg met die Direkteur 'n beleidsreglement vir Biblikasie opstel

6.4 dat Biblikasie steeds maandeliks verskyn

6.5 dat die omvang van Biblikasie ingevolge par 6.2 afgeskaal word wanneer nodig

6.6 dat die uitleg van Biblikasie daarop gemik sal wees om inligting vinnig te kommunikeer




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

6.7 dat die redaksie ooreenkomstig par 4, saamgestel word

6.8 dat top- en middelbestuurders inisiatief neem om inligting op 'n vaste en gereelde basis aan die redakteur deur te gee

6.9 dat die verspreiding van Biblikasie buite die Biblioteekdiens heroorweeg word



SABINET NUUS

PRAKTIESE DEMONSTRASIE VAN DIE TOEPASSING VAN SABINET-FUNKSIES TE MEDUNSA-BIBLIOTEEK, 1988-01-20

Bygewoon deur:
Mev S de Wet, mev L Putter, mej J Roos en mej M Biggs.

MEDUNSA is sedert Augustus 1984 ingeskakel by SABINET. In Januarie 1988 begin hulle SABINET se bestelfunksie bedryf, die heel eerste biblioteek om daarvan gebruik te maak.Die volgende funksies is op informele wyse gedemonstreer:

KATALOGISERING

Aangesien baie van die rekords nie voldoen aan die tegniese vereistes wat MEDUNSA as 'n mediese universiteit aan die ontsluiting van rekords stel nie, word die rekords opgradeer om by MEDUNSA se behoeftes aan te pas. Hierdie rekords word dan deur middel van RECON by die databasis gevoeg. Standnommers en aanwinsnommers word aangebring. Kataloguskaartjies word van SABINET verkry en in MEDUNSA se bestaande katalogi geliasseer. Sowat 75% van die rekords word wel op SABINET opgespoor en opgedateer. Die orige 25% word oorspronklik deur MEDUNSA gekatalogiseer tot op AACR2 tweedevlak en voorsien van MESH--saakhoofde.

BESITSMELDING

Sedert Augustus 1986 het MEDUNSA begin om al hulle tydskrifte deur middel van HNEW tot SABINET se databasis te voeg. Daar is alreeds 1 200 besitsmeldings so bygevoeg. As bydrae tot die gesamentlike RETCON-TISAB-projek het MEDUNSA namens die Staatsbiblioteek 9 232 besitsmeldings tot die databasis bygevoeg.

Aangesien baie min oudio-visuele materiaal op die databasis opgespoor word, doen MEDUNSA oorspronklike katalogisering daarvoor.

IBL

'n Gedeelte van die IBL's word deur middel van die SABINET--funksie bestel, maar hulle maak nog baie gebruik van telekse, omdat laasgenoemde baie vinniger is, en omdat baie van die biblioteke nie as SABINET-gebruikers geregistreer is nie.

BESTELFUNKSIE

Wanneer rekeninge eers geskep is, is die bestelfunksie rela




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

tief eenvoudig. Daar bestaan egter nog vrae rondom die aanduiding van die administreer van die fondse, byvoorbeeld hoeveel fondse nog beskikbaar is, ensovoorts. SABINET skakel ook nie outomaties vreemde valuta oor in rand en sent nie. 'n Voordeel van die funksie is dat 'n mens nie verbind is aan 'n bepaalde handelaar nie, maar jou eiekeuse mag maak. 'n Nadeel is dat SABINET nie die bestellings direk pos nie, maar aan die gebruiker terugstuur. Aanmanings aan handelaars word ook nie outomaties uitgestuur nie. Produkte wat rondom die bestelfunksie deur SABINET gelewer word, is onder andere kataloguskaartjies, aanmanings, kennisgewing van plasing van bestellings.

Bestelrekords word in 'n historiese lêer geberg vir latere verwysing.

SUSAN DE WET



WANDELENDE BOEKE

Dit is 'n welbekende feit dat biblioteke groot getalle boeke verloor omdat gebruikers daarmee vortstap en die boeke nie weer terugbesorg nie en dit is ook 'n universele probleem. Geen goeie biblioteek ontsnap aan hierdie optrede nie.

In ons biblioteek het 'n heel onverwagse ander verskynsel sy kop uitgesteek: ons boeke het aan die wandel gegaan! Die verstommende aspek is dat dit die nuutste boeke, wat nog nie eens deur ons geprosesseer is nie, is wat so die pad vat. En die ergste van alles is dat hulle dit so fyntjies en skelm doen. Ons het 'n vermoede dat sodra die boeke na ontvangs op die rakke in Kerkstraat uitgepak word, die verleidelike versoekings enkeles van hulle so beetpak dat hulle nie anders kan as dat die wandellus hulle uitdaag om verdere velde te gaan verken nie.

Dit bly 'n eienaardigheid dat die versoekings nogal net sekere soorte boeke so erg aantas. Resepteboeke, mooi boeke oor binneversiering en plante en ook letterkundige werke loop deur. Ons kom dit nie dadelik agter dat ons boeke so rondloop nie want sommige keer sekerlik na hulle omswerwinge so deur die biblioteek weer terug na hulle plekkie op die rak in Kerkstraat. Die groot moeilikheid vir party van hierdie sondebokke begin sodra 'n gebruiker die boek soek en ons dit nêrens kan opspoor nie, al vertel DOBIS duidelik vir ons dat die boek wel ontvang is. As hierdie wandelaars net weet hoeveel tyd ons bestee om hulle te probeer vind, sal hulle sekerlik hulle streke laat vaar.

Op die oomblik is daar drie boeke waarna ons nou al 'n geruime tyd soek. Hulle is:

1. Publication standards and guidelines for periodicals - D Haag

2. Witskrif oor die gesamentlike verslae van die RGN en die Nasionale Opleidings-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

raad oor die ondersoek na die opleiding van ambagsmanne in die RSA

3. Digterby - Wilhelm Jordaan

Ons wil graag 'n vriendelike beroep op ons kollegas doen om enige boek wat u op u tafel vind en waarvan u kan vasstel dat dit definitief nog nie geprosesseer is nie, dadelik aan ons terug te besorg. Die kanse is moontlik goed dat die boek dalk mag verdwaal het en nie weer sy pad terug na sy oorspronklike bestemming kon vind nie. Ons stel nie belang in waar die wandelende boek homself gaan tuismaak het nie, ons wil dit net graag terugontvang sodat ons dit kan voorberei vir sy ware doel.

Baie dankie

MIEMIE VINK
MAKRO-ONTSLUITING

SO OMSEIL ONS DIE BOEKBOIKOT

AAUP OPPOSES EMBARGO ON SALES OF BOOKS TO SOUTH AFRICA

Declaring that it opposes "all attempts to interfere with the unrestricted passage of books among the countries of the world", the Association of American University Presses has issued "A Statement of Principle" in the controversy over embargoing the sale of books in South Africa as a protest against apartheid.

In a covering letter, new AAUP executive director E H Phillips notes that South Africa's apartheid policy "has placed American publishers in a dilemma. On the one hand, they are being urged in the name of common decency to join in a general boycott and to stop selling books to South Africa. This point of view has recently been reinforced by the requirement of some school boards that a publisher wishing to sell them textbooks must warrant that it does not trade with South Africa."

But, Phillips continues, "Critics of this policy, although abhorring apartheid, ask exactly how a refusal to sell books to South Africa is to bring about an amelioration of that policy, or benefit that country's oppressed majority."

The easiest course of action is for a publisher to agree not to sell books, Phillips writes. "Few presses would suffer significant losses by so doing and the action would be widely applauded ... But we believe that this is a misguided policy, for we hold that books are different, and have no place in an international boycott. To us, it makes no sense to deprive South Africans, black and white, of the opportunity to read, to be enlightened and perhaps uplifted by the printed word from across the seas."

In its statement, the AAUP says, "To limit access to information or ideas is to abridge the liberty to know. To prescribe expression because of its political source or geographic origin can only diminish international understanding."

The statement concludes, "We believe that books have no place in an embargo. The right of the oppressed to read and to learn is no less urgent than our need to learn about them and to learn from them."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## SEKURITEIT

Sekuriteit is vir die Universiteit sowel as die Biblioteekdiens van hoë prioriteit. Soos u reeds opgemerk het, vorder die staalomheining aan die kant van Lynnwoodweg op die hoofkampus goed. Sodra dit voltooi is, sal daar beperkte en beheerde ingange/uitgange wees. Wat die Biblioteekdiens betref, hoop ons dat die volgende sake binnekort aandag sal kry:

1. 'n Traliehek word by die laaisone (aan die Suidekant van Merensky) aangebring op so 'n wyse dat afleweringsvoertuie nog kan inbeweeg of dat slegs 'n persoon ingelaat kan word. Die detailplan van die argitek moet nog finaal goedgekeur word.

2. Tesame met die hek sal ook 'n interkomstelsel geïnstalleer word sodat met 'n persoon buite gekommunikeer sal word.

3. Die inrypad na die laaisone (by die T-aansluiting) sal voorsien word van 'n ketting, sodat beter beheer van voertuie gedoen kan word. Die staalpaaltjies aan weerskante is reeds geplant. Parkering van ongewensde voertuie behoort hierdeur gekortwiek te word.


4. 'n Groot metaalhouer vir die storting van afval ontsier tans die area tussen Merensky I en Merensky II naby die laaisone wat binnekort sal verdwyn. Slegs die biblioteek sê eie afval sal in kleiner aanskouliker houers geplaas word.

5. Die hoofingang van Merensky II word aangepas. Die buitedeure is verkort ten einde die las op die vloervere te verlig. Die 180 grade oopswaai van die deure is 'n groot verbetering vir die invloei en uitvloei van gebruikers.

   Die luggordyn aan die binnekant van die oopswaai deure wat voorsien word, sal ons in staat stel om die buitedeure altyd in 'n oop posisie te hou. Die luggordyn sal koue en hitte uithou.

6. Daar word ondersoek ingestel na die tipe glas wat in die Merensky is. Sodra die inligting beskikbaar is, sal bepaal word wat gedoen moet word ten einde 'n hoë veiligheidsfaktor te verseker.

7. Sekuriteitsmaatreëls ten opsigte van die takbiblioteke geniet aandag en ons hoop om later meer detail in hierdie verband te verstrek.




*Provide an accurate description.*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

PERSONEELNUUS

IBL-NUUS

Die "ou veterane" by IBL het op 4 Januarie maar met 'n beswaarde gemoed begin werk want die einde van 1987 het ons met vier personeellede minder gelaat. Groot was ons vreugde egter toe ons vier nuwe gesigte by ons sien.

Baie welkom aan Elene Stewart, Ananda Coetzee, Carol Burger en Natalia du Plessis. Ons hoop julle sal lekker hier werk. Drie van die vier is tans nog ywerige studente. Elene is besig met Kriminologie Honns., Ananda met Honns. in Menslike Bewegingskunde en Natalia met BBibl (Unisa).

Baie welkom ook aan Elna Stapelberg wat aangestel is as hoof van Dokumentlewering. Ons sien almal uit na 'n jaar van harde maar gesellige saamwerk.

MARA GROBBELAAR

******

Ons innige meegevoel aan Ria Strauss wat haar moeder in Desember verloor het.

******

Die Direkteur en personeel wil graag vir Ronél Mosterd gelukwens met die suksesvolle aflegging van haar BBibl Hons.

******

Alida von Backström het na 'n nuwe tuiste verhuis op . 1 Desember 1987. Hoop jy is gelukkig in jou nuwe tuiste!

******

Geluk aan Estelle Els met haar huwelik op 13 Februarie 1988.

******

Baie welkom terug aan Bokkie. Ons hoop en vertrou dat sy gou weer met gemak kan loop.

******

DANKIE

Prof Gerryts en die res van die personeel van Merensky:

Net 'n briefie van groot dank aan almal wat so aan ons gesin gedink en bygestaan het gedurende Herman se operasie. Elke woordjie, briefie en kaartjie van bemoediging het ons baie gehelp in die tyd.

Volgens die ortopedis was die operasie baie suksesvol. Met Herman gaan dit baie goed. Hy is net baie ongemaklik met die gips en kry baie warm. Die gips kom gelukkig die 13de Januarie af. Beslis 'n baie blye dag!

Calie en Annemarie Pienaar

******






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

MAART



3 Mev Elsa Roos (Administrasie)

4 Mnr Herman Smit (Bindery)

6 Mev Hermien Wium (Musiek)

7 Mnr Pieter Ferreira
(Finansiële Administrasie)

11 Mev Elza Keyter (Makro-Ontsluiting)

Mev Tinkie Botha (Tiksters)

12 Mev E A Meyburgh (Vlak 5 aand)

13 Mnr Daan Botes (Bindery)

15 Mev Adri de Kock (6de Vlak)

18 Mev Ida Thomson (Veeartsenykunde)

20 Mev Bettie Langkilde
(Assistent-direkteur)

21 Mej Zetta Roux (Tydskrifte)

23 Mev Sannie Hattingh (Medies)

Mev Bokkie Malan (Personeelskakeling)

Mev Anneline Viljoen (Landbou)

Mev Monica Hammes (Tydskrifte)

Mej Gerda Froneman (Vlak 6)

26 Mej Clarisse Venter (Medies)

29 Mev J C Mouton (Vlak 5 aand)

31 Mev M C Steenkamp (Vlak 6)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

NUWE AANSTELLINGS



Naam: Mev Hannelie Grobler
Getroud
1 dogter, 1 seun
Aangestel as Biblioteek--assistent by Boekontvangs
Vorige ondervinding:
Merensky-biblioteek
Stokperdjies: Lees, maak Fimo-kleikrale

**********



Naam: Mev Cora Badenhorst
Getroud
1 seun, 4 dogters
Aangestel by Makro-ontsluiting
Vorige ondervinding:
Biblioteek, onderwys en doseer by Unisa
Stokperdjies: Naaldwerk, tuin, stap.

**********



Naam: Mev Enid Höne
Getroud
2 dogters, 1 seun
Aangestel by DOBIS/LIBIS
Vorige ondervinding:
Onderwyseres
Stokperdjies: Naaldwerk, bak en lees

**********



Naam: Mev Henriëtte de Jager
Getroud
2 seuns, 2 dogters
Aangestel by Mediese Biblioteek
Vorige ondervinding: Energie databank
Stokperdjies: Lees, tuin, "gym"

**********



Naam: Mev Helena Garner
Getroud, 3 seuns
Aangestel as Junior Biblioteka-resse by Bibliografiese Ontsluiting
Vorige ondervinding:
Departement Nasionale Opvoeding
Privaat Ingenieursfirma
Stokperdjies: Naaldwerk en Voortrekkeroffissier



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




Naam: Mev Anna Oosthuizen
Getroud
2 seuns, 2 dogters
Aangestel by Toonbank
Vorige ondervinding: RGN, onderwyseres
Stokperdjies: Naaldwerk, klassieke musiek

**********



Naam: Mej Gardi Nel
Ongetroud
Aangestel by Boekontvangs
Vorige ondervinding: Student
Stokperdjies: Naaldwerk en skilder

**********



Naam: Mnr John Vosloo
Getroud
2 seuns, 3 dogters
Aangestel by GSV
Vorige ondervinding: 17 jaar by Yskor
Stokperdjies: Gholf en visvang

**********

Naam: Mej Retha Prinsloo
Ongetroud
Aangestel by GSV
Vorige ondervinding: Onderwysassistent by Dept Argeologie
Stokperdjies: Argeologie - Tuks Archaeologia, Lees

**********



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Naam: Mej Elna Meiring
Ongetroud, verloof, trou D V
2 April!
Aangestel as Junior Bibliotekaresse by Bibliografiese Ontsluiting
Vorige ondervinding:
Onderwyseres
Stokperdjies:
Naaldwerk, ghitaar



**********



Naam: Mev René Winter
Getroud
Aangestel by Tydskrifte
Vorige ondervinding: Merensky-biblioteek (2 jaar)
Stokperdjies: Naaldwerk, lees, tennis

**********



Naam: Mev Natalia du Plessis
Getroud
4 seuns
Aangestel by IBL
Vorige ondervinding:
Onderwyseres
Stokperdjies: Klere ontwerp, weef

**********



Naam: Mej Carol Burger
Ongetroud
Aangestel by IBL
Vorige ondervinding: Geen
Stokperdjies: Draf graag

**********



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Naam: Mej Henriëtte Smook
Ongetroud
Aangestel as Junior Biblioteka-
resse by Bibliografiese Ont-
sluiting
Vorige ondervinding: Student
Stokperdjies: Lees, versamel
poskaarte van RSA en Brittanje




**********

Naam: Mej Elene Stewart
Ongetroud
Aangestel by IBL
Vorige ondervinding: Onderwys-
assistent Departement Krimino-
logie
Stokperdjies: Pottebakkery,
Lees



**********

Naam: Mnr Chris Els
Ongetroud
Aangestel by Finansiële Admini-
strasie
Vorige ondervinding: Student
Stokperdjies: Vryskut agter-
plaas motorwerktuigkundige en
jong dames!



**********



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## BEDANKINGS

Ons sê totsiens en voorspoed in die toekoms aan:

Estelle Els



Loekie van Tonder



Hannetjie van der Westhuizen



Lia le Roux



Celeste Blaauw



Makkie Biggs



Hilda Finger



Riekie Lotz



Marie Bredell



Pieter Herman





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

BALLEN BOOKSELLERS INTERNATIONAL INC.

December 11, 1987

Mrs E Nel - Head of Acq.
University of Pretoria
Merensky Library
Pretoria 0002
South Africa

Dear Mrs Nel

I hope that you will excuse me the brevity of this note, but I really want to rush the enclosed to you because I think that it is very important, and it should please you.

I, personally, am delighted that finally, an important U.S. publishers group is taking such a clear and well defined stand which is against the trend of many to take the "easy way out" and succumb to ill devised political pressure. I hope that this is just a beginning.

I will try to obtain the full text of the AAUP declaration and covering letter and send them to you as well.

With my best regards and wishes for a Merry Christmas and a Happy New Year for you, and your family, and staff, I remain

Yours

David Ungar
Director of International Marketing



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

SABINET
Posbus 11064
Brooklyn 0011
Pretoria

4 Februarie 1988

Prof E D Gerryts
Die Direkteur
Universiteit van Pretoria
Biblioteekdiens
Hillcrest
PRETORIA
0083

Beste prof Gerryts

U is teen hierdie tyd reeds bewus van my bedanking soos deur die Raad van SABINET bekend gemaak.

Ek wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om u en u personeel te bedank vir die uiters stimulerende kontak wat ek in die uitbouing van SABINET met u gehad het. Dit was 'n persoonlik-verrykende ervaring vir myself en deurentyd 'n plesier om u tot diens te kon wees.

Wat betref die toekoms van SABINET is ek oortuig daarvan dat die gebruiksmoontlikhede van die stelsel vir u steeds gaan toeneem, en dat nuwe ontwikkelings en toepassings vir u in die uitvoering van u funksie as inligtingherwinner en -verspreider verder ondersteunend sal wees.

Dit was vir my 'n voorreg om deel te hê aan die verwesenliking van die ideaal van die Suid-Afrikaanse biblioteekgemeenskap om 'n eie koöperatiewe gerekenariseerde bibliografiese en inligtingsnetwerk in bedryf te stel.

Beste wense vir die toekoms.


Vriendelike groete

W F Coetzee
BESTURENDE DIREKTEUR



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## PIET DE KOCK 'N KWART EEU IN MERENSKY!




## PROF GERRYTS VERJAAR!




## RAE IS 40 JAAR IN DIE TUIG



## BESOEKERS VAN SASOL



## UITSTALLINGS









Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

HOU MOED 1988 IS NOG NET 10 MAANDE!









Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019









Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Universiteit van Pretoria

Biblioteekdiens

# BIBLIKASIE

MAART

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

EERSTE Sê

MERENSKY-BIBLIOTEEK : BOUPROJEK AANPASSING VERSKILLENDE VLAKKE

Na aanleiding van die toevoeging van die ou Merensky-biblioteekgebou en die ruimtewins wat dit vir ons meegebring het, het ons nou die geleentheid om die vlakke vir gebruikersdienste in die Merensky-biblioteek aan te pas.

Met die oog op die sinvolle loodsing van die projek is besluit om vir 'n werkgroep en 'n projekkomitee voorsiening te maak.

A WERKGROEP

Opdrag

- Om op grond van aanvaarbare inligting voorstelle voor te berei vir die fisiese heruitleg van die ter saaklike verdiepings;
- Om behoeftes aan toerusting te bepaal en voorstelle in hierdie verband te doen en
- Om die verkuiwing van voorraad te beplan en in oorleg met die projekkomitee deur te voer.

Samestelling

Mej A Pienaar (Voorsitter)
Dr H de Bruin (Adviserend)
Mej E Weyers (Vlak 5)
Mnr P de Kock (Vlak 6)
Mnr V Otto (Koördinasie en skakeling)

Die werkgroep het die reg tot koöptering.

Vergaderings

Op inisiatief van die voorsitter na behoefte.

B PROJEKKOMITEE

Opdrag

- Om aanbevelings van die werkgroep te oorweeg en finale besluite te neem.
- Om sake soos nodig met ander belanghebbende afdelings van die universiteit uit te klaar (bv Registrateur : Fasiliteite Beplanning en Bedryfsadministrasie, Direkteur : Tegniese Dienste, ens).

Samestelling

Prof E D Gerryts (Voorsitter)
Mej A Pienaar
Dr H de Bruin
Mnr O de V Otto
Mev E Langkilde

Vergaderings

Wanneer insette van werkgroep en behoefte aan besluitneming dit regverdig.

Die projekkomitee koöpteer kundiges na behoefte en reël vir die betrokkenheid van argitekte en ander konsultante.

Hierdie projek word as 'n hoë prioriteit beskou. Baie dankie by voorbaat vir u insette en ek sal bly wees as u by die bestuur van u eie werksprogram hiervoor voorsiening sal maak. Ek is oortuig daarvan dat die spoedige en doeltreffende afhandeling van hierdie projek vir u en die ànder kollegas in 'n veel gunstiger posisie sal plaas om meer professioneel en produktief te kan funksioneer.

Baie dankie


Prof E D Gerryts



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

ABRAHAM DE VILLIERS MEINTJES

Abraham De Villiers Meintjes of Abé, soos sy vriende hom noem, is op 20 September 1946 te Pretoria gebore. Hy matrikuleer in 1964 aan die Afrikaanse Hoër Seunskool Pretoria. In 1965 het hy by die S.A. Lugmag Staandemag aangesluit. In 1967 word hy tot offisiersrang as Vegterbeheer bevorder. In 1972 verwerf hy die graad BA(SW) aan die Universiteit van Pretoria en word in Januarie 1973 as Welsynoffisier in die S.A. Lugmag aangestel.



Hy het baie ervaring opgedoen in die privaatsektor tot en met 1978. In 1978 het hy diens aanvaar as Skakelbeampte (fondsinsameling) by die Universiteit van Pretoria. In 1979 aanvaar hy die pos van verteenwoordiger by Ou Mutual, in 1980 dié van versekeringsmakelaar by Volkskas-Versekeringsmakelaars en in 1981 dié van verkoopsingenieur in diens van die Hire Planning Groep (konstruksiemasjienerieverhuuring, steenkool- en asherhantering, ensovoorts) tot Julie 1982.

In 1981 verwerf hy die graad MBA aan die Universiteit van Pretoria.

Mnr Meintjies is getroud en hy is die vader van drie kinders, twee seuns en 'n dogter. Hy is 'n gesinsman en al sy stokperdjies en belangstellings draai om sy gesin. As gesin sing hulle graag saam. (Hierdie jaar kan ons dalk 'n item by ons Kersparty kry?)


Mnr Meintjies se groot stokperdjie is fotografie.

Mnr Meintjies volg Mnr W W Duminy op wat na meer as twintig jaar diens die Universiteit verlaat het.

Hoe sien Mnr Meintjies sy groot taak? Sy lewensfilosofie is, "as 'n stelsel werk moenie daaraan peuter, tensy jy dit kan verbeter nie ...."

---

P C COETZEE-TOEKENNING VIR GEVORDERDE NAVORSING IN BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGKUNDE



Proff Boon, Zastrau, Van Dyk en Gerryts

Die P C Coetzee-toekenning vir Gevorderde Navorsing in Biblioteek- en Inligtingkunde is onlangs ingestel en was vanjaar vir die eerste keer toegeken. Die toekenning was gesamentlik

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

deur die Biblioteekdiens en die Departement Biblioteek- en Inligtingkunde gemaak; laasgenoemde vier ook vanjaar sy vyftigste bestaansjaar.

Die toekenning was aan twee gevorderde nagraadse studente van UP se Departement Biblioteek- en Inligtingkunde gemaak, te wete dr A J Swanepoel, wat in 1987 sy DPhil-graad ontvang het, asook mev M S P Visser, wat met September 1986 se gradeplegtigheid haar MBibl-graad met lof verwerf het. Albei persone is ook doserende peroneellede van die Departement.

Die toekenning was tydens 'n P C Coetzee-huldigingslesing gemaak. Dit is die eerste keer dat so 'n lesing plaasvind en was aangebied om hulde te bring aan prof Coetzee, wat in 1987 oorlede is. Prof Coetzee was die eerste departementshoof van UP se Departement Biblioteekkunde (vanaf 1938) en hy word vandag beskou as die grondlegger van die Biblioteekkunde in Suid-Afrika.

Die huldigingslesing was aangebied deur prof H O K Zastrau, ook 'n bekende in praktykkringe; hy is tans hoof van die biblioteekdiens van die Universiteit Vista.

Prof Gerryts het prof Zastrau voorgestel en ook al die bedankings gedoen.

---

UNIEKE SKENKING AAN BIBLIOTEEK

'n Deeltydse dosent aan die Departement Ortopedie, prof George Dommisse, het onlangs 'n unieke skenking aan die biblioteek gemaak.

Hy het onder meer 'n volledige stel van die Journal of Bone and Joint Surgery geskenk. Dié boeke het in 1889 onder die naam Transactions of the American Orthopaedic Association (Volume 1 Number 1) verskyn en is uiters skaars. Dié stel is die enigste van sy soort in die RSA en miskien ook die enigste in die Suidelike Halfrond.

'n Volledige stel tydskrifte, bestaande uit meer as 200 volumes, Clinical Orthopaedics and Related Research, vorm ook deel van die skenking. Dit is die tydskrif van The Association of Bone and Joint Surgeons en het om en by 1952 in die Verenigde State van Amerika verskyn.

Nog 'n unieke deel van die skenking is al die vroeë uitgawes van The Instructional Course Lectures of the American Academy of Orthopaedic Surgeons, wat tydens die Tweede Wêreld-oorlog onder die redakteurskap van dr J E M Thompson verskyn het. Dr Thompson het al dié uitgawes persoonlik onderteken en voor, in 'n kort verslag, die geskiedenis en totstandkoming van die tydskrif opgeteken.

Die laaste deel van die skenking behels 'n aantal teksboeke, ingesluit eerste uitgawes, wat as van geskiedkundige belang beskou word.

Prof George Dommisse, sedert 1946 verbonde aan UP se Fakulteit Geneeskunde, het aanvanklik dié waardevolle versameling vir sy seun, 'n ortopeed in Kanada aangebied, maar weens die geredelike beskikbaarheid van alle boeke daar, het hy die aanbod van die hand gewys. Prof Dommisse het toe gevoel dat die biblioteek die versameling in sy geheel die beste kan bewaar.

Die direkteur : Biblioteekdienste, prof Egbert Gerryts, het die EG-Dommisse-versameling,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

soos wat dit voortaan sal bekend staan, in ontvangs geneem.

Dié unieke en waardevolle skenking kan 'n belangrike bydrae lewer om die biblioteek verder te vestig as 'n spieël van akademiese gebeure op die kampus.



n links na regs) Prof Egbert Gerryts, prof Jan van der Merwe (dekaan van Fakulteit Geneeskunde), mej Magriet Lee (hoof van die Mediese ioteek) en prof Roelie Gräbe (hoof van die Departement Ortopedie) kyk n met prof George Dommisse met bewondering na boeke wat deel uitmaak van sy Dommisse-skenking

---

BESTELLINGS VERDUBBEL!

Die bestellings wat in 1987 van die vakbibliotekarisse ontvang is, het meer as verdubbel teenoor die bestellings van 1986.

Van die 16379 bestellings van 1987 is 84,1% geplaas, 13% is duplikate en 2,9% is uit druk of kon nie opgespoor word nie. Op Sabinet is 65,5% van die bestellings gevind en in die bibliografieë 69,7%. Bereken teen 'n gemiddelde boekprys van R90 per boek vir die 1857 duplikate wat ons met besitkontrole gevind het, kon ons 'n bedrag van R167130 spaar!

Die agterstand in 1987 was 2103 bestellings en dit is aan die volgende faktore te wyte:

- oneweredige patroon van inkomende bestellings vanaf vakbibliotekarisse
- drie vakatures in die seksie wat vir vyf maande vakant was.

Ten spyte van die 460 spoedbestellings wat vanjaar ontvang is en die probleme wat Dobis veroorsaak het, is die agterstand gedurende Maart afgewerk. Aan die hand van vasgestelde standaarde kon ons die maksimum aantal bestellings wat deur 'n personeellid hanteer kon word, uitwerk. Die opleiding van die vier nuwe personeellede is ook bespoedig.

Hiermee wil ons baie dankie sê aan al die personeel wat so fluks saamgewerk het sodat ons die eerste doelwit van die jaar kon bereik.

M Botes
Bibliografiese Ontsluiting



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## 1988 - SKRIKKELJAAR!

By Boekontvangste het ons beslis meer as een ekstra dag nodig, want na die vakansie het boeke en nogmaals boeke op ons gewag. Nagenoeg 50 kartondose van heinde en ver met ± 1500 boeke daarin het ons in die gesig gestaar. Oorsese en plaaslike bestellings stroom dag na dag nog in. Dit is 'n veer in die hoed van die doserende en vakbibliotekarisse van die Universiteit van Pretoria dat hulle tred hou en op hoogte bly van die jongste publikasies op hulle vakgebiede, dwarsoor die wêreld. Statistiek bewys verder dat al hoe meer studente gebruik maak van die slagaar van die Universiteit, naamlik die Merensky-biblioteek.

Die dames by Boekontvangste het egter aan die werk gespring en gedurende Februarie is 2000 boeke voorberei, ontvang en gestempel. Besef u met hoeveel probleme daar somtyds by Boekontvangste geworstel word? Daar is 'n legio van probleme wat kan voorkom en wat somtyds ure neem om op te los voordat die boeke finaal ontvang kan word.

Ons het vir Magda Uys en Celeste Blauw gegroet en welkom gesê aan Hannelie Grobler en Gardi Nel. Aan ons twee nuwe gesiggies, sê ons welkom en ons hoop hulle is baie gelukkig in ons werkkring!

Rina Herman




## ELKE LêER HET SY PLEK!

Nuwe reëlings in verband met die liasseerstelsel in Seksie Tik- en Liassering.

Graag versoek ons dat indien enige personeellid/kollega wie 'n lêer wil bekom, dit direk van EEN VAN DIE TIKSTERS moet ontvang sodat behoorlik kontrole gehou kan word oor lêers wat uitgaan. Daar is tans lêers opsoek met kaart en al, waarvan een 'n baie belangrike lêer is, naamlik F5.

Die prosedure is soos volg:

ELKE LêER WAT GENEEM WORD MOET UITGETEKEN WORD OP DIE KAART EN DIE KAAR IN PLEK VAN DIE LêER TERUGGESIT WORD IN DIE KABINET.

Ons merk dat van die lêers geneem word sonder dat die tiksters bewus is daarvan, dus kan ons nie behoorlik kontrole hou nie. Die kabinette gaan voortaan dag en nag gesluit wees en 'n sleutel sal alleenlik by een van die tiksters bekombaar wees, wie dan die lêer/s persoonlik sal hanteer en oorhandig.

Ons is besig om die lêerstelsel te hersien en ons doen 'n beroep op ieder en elk, wie ookal, wat enige lêers in hulle besit het, om dit so gou moontlik aan ons terug te besorg om te kontroleer, waarna dit weer aan u oorhandig sal word, indien verlang.

Baie dankie vir u samewerking.

Susan Olivier
Seksie Tik- en Liassering



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## DIE BRIEWEBUS

EMBASSY OF THE REPUBLIC OF CHINA - PRETORIA

Dear Professor Joubert

I am writing to acknowledge, with a deep sense of indebtedness, the receipt of a commemorative album with photographs taken during the Memorial Service of our late President Chiang Ching-kuo, at the Aula of your University on January 24, 1988.

Your thoughtfulness in presenting us with such an exquisitely handicrafted album is deeply appreciated. For us, this album is a fitting memento of a great man like our late President, President Chiang Ching-kuo, and it is a gracious gesture of friendship long existing between the University of Pretoria and the Chinese Embassy in Pretoria. Moreover, we will treasure it as a constant reminder of a unique realtionship between our two countries - a relationship with special emphasis on moral values.

With warmest regards,

Sincerely yours

H K Yang
Ambassador

Die Bindery was verantwoordelik vir die album. Dit was 'n pragtige album met 'n egte leer omslag en goue dekoratiewe patrone. Dit is 'n pragstuk waarop ons almal trots kan wees.

Redakteur

---

UP Sentrale Ontwikkelingshulpkomitee

22 Maart 1988

Die Direkteur en Personeel

Net 'n briefie om baie dankie te sê vir julle ondersteuning van die UPSOK-Vloedramp-insameling.

Aan die einde van die projek het ons amper R7 000,00 in kontant, en rofweg geskat R10 000,00 se kos en klere bymekaargemaak in twee weke!

Sonder julle ywer sou dit nooit moontlik gewees het nie!

Nogmaals dankie en seën vir die res van die termyn.


Milankie van der Walt

---

Never fear big words
Big long words name little things
All big things have little names
Such as life and death, peace and war
Or dawn, day, night, hope, love, home.
Learn to use little words in a big way
It is hard to do
But they say what you mean.
When you don't know what you mean—
Use big words
They often fool little people.

*—Arthur Kudner to his son*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




VERJAARDAE

APRIL

2 Mev Irene De Jonge (Boekontvangs)

3 Mej F G Nel (Boekontvangs)

7 Mev Helene Fourie (Musiek)

11 Mev Ansie Watkins (6de Vlak)

12 Mej Anne van Zijl (Landbou)

Mev Maureen Du Pisanie

20 Mnr Jan Schuler (Regte)

21 Mnr V Otto (Voorgraadse Diens en Bindery)

23 Mej Joy Roos (Voor-ontsluiting)

24 Mev Magda Coetzee (DOBIS/LIBIS Koördinering)

27 Mev Salomie Stolz (Sekretaresse)

Mev René Winter (Tydskrifte)

28 Mnr André van Rensburg (Bindery)

30 Mej Ceu Agostinho (5de Vlak)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

PERSONALIA

40 JAAR DIENS

Die Direkteur en personeel wil graag mnr Davie Hughes geluk wens met sy getroue diens van 40 jaar.



GRAAD ONTVANG

Baie geluk aan die volgende persone:

Mnr Thys van den Berg - Reprografies - BA
Mev Carol Kriek - IBL - BA(Ed)
Mnr Japie Jordaan - Toonbank - BA
Mej Hendriette Smook - Bib. Ontsluiting - B.Bibl
Mej Julene Vermeulen - Tydskrifte - B.Bibl
Mev Ronell Mostert - Tydskrifte - B.Bibl (Hons)
Mnr Chris Els - Administrasie - BCom Rek (Hons)
Mej Gardie Nel - Boekontvangs - BA
Mev Hermien Wium - Musiek - B.Mus (Hons)
Mnr Louis Botha - M-Div in Dogmatiek en Etiek



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

NUWE AANSTELLINGS

Mev Maureen Dupisanie
Getroud - een seun
Aangestel by Toonbank
Vorige ondervinding: Onderwyseres.
Stokperdjies/belangstellings: Blommerangskikking, sierskrif, binneshuisversiering, tennis.



Mev Stella Rheeder
Getroud
Aangestel by IBL
Vorige ondervinding: Onderwyseres ± drie jaar Mediese Biblioteek.
Stokperdjies: Lees, stap.



Mev H Lourens
Maandag- en Woensdagaand
Vlak 5



Mev Estelle Wilken
Getroud
Aangestel by Merensky 1
Vorige ondervinding: Staatsbiblioteek
Belangstellings/stokperdjies: Weef en gholf.



Mnr Etienne Marais
Aangestel by Reprografie.



Getroud
Vorige ondervinding: Sekuriteit en student.
Belangstellings/stokperdjies: Houtwerk en alles wat handwerk vereis.



Mnr Jan (Kâppie) Viljoen
Getroud
Aangestel by Merensky 1



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

BEDANKINGS

Dirk Bezuidenhout



Mev Ria Strauss



Ons wens Dirk en Ria voorspoed en geluk toe.

---



ALLERLEI ...

Ons het drie egpare wat in April in die huwelik bevestig word.

Baie geluk aan Elna Meiring en Steve Kersop

Joy Roos en Lappies Labuscagne

Gerda Froneman en Anton Simon.

(Gerda en Elna het sommer op dieselfde datum besluit naamlik, 2 April 1988).

Carol Burger en Driekus Kriek is in die huwelik bevestig op 19 Maart 1988.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


Universiteit van Pretoria

Biblioteekdiens


# BIBLIKASIE

APRIL


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




DIAS UITSTALLING





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


ONS Sê BAIE DANKIE AAN AL DIE HELPERS MET DIE DIAS UITSTALLING



MNR CORREIA (KARVEELMODEL)
PROF LIEBENBERG
LYNETTE ROELEVELDT (MUNTE GELEEN)



ERNA KLOPPER, PROF FERREIRA,
MARIE VAN HEERDEN EN PROF P G NEL



ANNIE PIENAAR STEL PROF LIEBENBERG VAN UNISA VOOR AS GASSPREKER OOR PORTULAANKAARTE



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

OM TE TEL, OF NIE TE TEL NIE...

Statistiekhouding in die Inligtingsdiens is vir verskeie redes 'n moeilike saak. Alhoewel die navrae en bronnelyste se waardes breedvoerig uiteengesit is, is daar tog soms 'n verskil in interpretasie onder die vakbibliotekarisse. Tweedens, laat vakbibliotekarisse, vanweë hulle opeenvolgende aktiwiteite op een werksdag, soms na om noukeurig van alle navrae boek te hou. Nogtans kan mens tussen al die tekortkominge interessante tendense raaksien.

Die eerste hiervan is byvoorbeeld by die geleidelike afname in die waarde 1, 2 en 3 navrae, vergelyk voorbeeld

| | 1985 | 1986 | 1987 |
|---|---|---|---|
| Totaal | 26834 | 22883 | 15431 |

Indien redes hiervoor gesoek word kan dit miskien te wyte wees aan 'n vergrote studieversameling. 'n Ander rede kan die Biblioteekdiens se meer intensiewe en doelgerigte gebruikersopleidingprogramme wees wat meebring dat studente hulleself nou kan help, veral ten opsigte van die eenvoudiger navrae.

'n Ander interessante tendens is die afname in die aantal bronnelyste wat saamgestel is teenoor die toename in die aantal ERID-soektogte wat gedoen word.

Bronnelyste

| | 1985 | 1986 | 1987 |
|---|---|---|---|
| Totaal | 2209 | 1620 | 1790 |

Erid-soektogte

| | 1985 | 1986 | 1987 |
|---|---|---|---|
| Totaal | 1162 | 1758 | 2251 |

'n Derde tendens wat waargeneem kan word kom by gegewens oor gebruikersopleiding voor. Waar daar tussen oriëntering en formele opleiding onderskei word was daar aanvanklik meer oriëntering gedoen. In 1987 is daar egter aan meer studente formele opleiding as oriëntering gegee.

| | 1985 | 1986 | 1987 |
|---|---|---|---|
| Oriëntering | 893 | 2582 | 3139 |
| Formele opleiding | 517 | 1835 | 3644 |

Alhoewel daar dus soms skepties na statistiekhouding gekyk word, is dit uit bogaande syfers duidelik dat daar tog nuttige afleidings van gemaak kan word.

SABINET-RUBRIEK

Nuwe Databasisse

Die SABINET-aantekenskerm sal voortaan instruksies bevat vir toegang tot die inligtingsdatabasisse wat op SABINET beskikbaar is.

Die eerste databasis wat alreeds beskikbaar is, is die Gesamentlike Katalogus van Proefskrifte en Verhandelinge van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO. Die British Books in Print sal



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

ook eersdaags beskikbaar gestel word.

Gedrukte Bibliografieë

Gebruikers word daaraan herinner dat gedrukte bibliografieë via SABINET bestel kan word met die PRINT-bevel. Die Navraaghandleiding verduidelik die PRINT--bevel in Afd. 6.3, p 66.

Afdeling Gebruikersdienste by SABINET moet in kennis gestel word wanneer hierdie bevel gebruik is en dat die bibliografieë benodig word. Indien SABINET nie in kennis gestel word nie, sal geen uitdrukke gemaak word nie. Raadpleeg die Tariefskedule vir 1988/89 vir die prys van gedrukte bibliografieë.

Aandag: Alle Vakreferente en Inligtingsbeamptes

*
U kan nou u gebruikers vinnig en effektief help om vas te stel watter navorsing oor 'n bepaalde onderwerp afgehandel is.

*
Afgehandelde navorsing oor 'n onderwerp kan maklik in 'n bibliografie oor daardie onderwerp ingesluit word.

*
Navorsingsleemtes op 'n vakgebied of deel van 'n vakgebied kan nou ook oorsigtelik verkry word.

Onthou om die Gesamentlike Katalogus van Proefskrifte en Verhandelinge, 1918 - 1986, (GKPV), nou intyds op SABINET, te raadpleeg! Die inligting is tot u beskikking deur middel van die gewone soekbevele.

Intydse Hulp vir Katalogiseerders

Raadpleeg die Gesamentlike Katalogus van Proefskrifte en Verhandelinge (GKPV) om katalogiseringsinligting van Suid-Afrikaanse tesisse en verhandelinge te verkry. Aktiewe katalogisering van sulke items vind op die hoofdatabasis plaas.

Interlenings kan ook baat

Gebruik die GKPV om interleningsaansoeke te verifieer of om die eksaminerende universiteit te bepaal. Indien nodig, raadpleeg ook daarna die hoofdatabasis om volle besitsmeldings te verkry.

STATISTIEK VAN DATABASIS

Die statistiek vir Januarie is soos volg:

Bibliografiese rekords
3 757 883

Gesagsrekords
4 424 009

Besitsmeldings
2 392 037

Bibliografiese rekords met besitsmeldings
773 845

Rekords bygevoeg

LC MARC-rekords
34 046

Oorspronklike katalogisering
2 517

Besitsmeldings
37 702

GESAMENTLIKE KATALOGUS VAN PROEFSKRIFTE EN VERHANDELINGE

Die eerste in 'n reeks van bykomende databasisse wat op SABINET gelaai gaan word, is op 3 Februarie 1988 in die Ferdinand-Postma Biblioteek, PU vir CHO, bekend gestel. Tydens die loodsingsgeleentheid het mnr Willie Coetzee, Besturende Direkteur, 'n eerste skermdrukstuk van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

inligting uit die intydse GKPV, aan die Vise-rektor, prof C J Reinecke, oorhandig. Hierdie katalogus wat die eiendom van die Ferdinand Postma-Biblioteek bly, word deur die Biblioteek saamgestel en deur middel van magnetiese bande bygewerk.

Die GKPV bevat ongeveer 37 000 bibliografiese rekords van Suid-Afrikaanse tesisse en verhandelinge, sowel as ere-doktorsgrade. Dit is as 'n afsonderlike databasis op SABINET gelaai.

Die inligtingskomponent van SABINET word versterk deur die toevoeging van die GKPV en dit hou die voordeel vir biblioteke in dat inligting vir katalogisering en onderwerpsbibliografieë, ensovoorts, vinnig gevind kan word en dat verfiëring vir interlenings maklik gedoen kan word. Aktiewe katalogisering en die aanhegting van besitsmeldings sal nog in die hoofdatabasis plaasvind.

Die GKPV-databasis is vanaf 4 Februarie 1988 vir gebruik aan alle Lede oopgestel.

Bron: SABINET-nuus Februarie 1988 (Susan de Wet)

---

GEBEURE IN DIE BIBLIOTEEKDIENS

BOEKONTVANGSTE

Gedurende die tydperk van Januarie tot Maart 1988 het Seksie Boekontvangste 3 883 bande en 907 stukke bladmusiek vanaf die verskillende handelaars ontvang. Die aanvanklike agterstand wat na Desember gevolg het, was teen die einde van Februarie reeds afgewerk en teen einde Maart het ons selfs gewag op inkomende bestellings.

Sommige bestellings wat in 1987 geplaas is, is vertraag en het nou begin opdaag. Die vertragings word toegeskryf aan die verkeerdelike versending van bestellings (per see in plaas van per lug) asook die vloedramp wat padvervoer vir tye onmoontlik gemaak het. Boekontvangste sal om hierdie rede dus weer baie besig wees in die weke wat voor lê.

Omdat nuwe personeel in Februarie by die Seksie aangesluit het en Irene Dejonge ons op 15 April verlaat het, het daar heelwat skommeling in die werk-situasie plaasgevind. Die dames en hul handelaars/pligte is nou as volg ingedeel:

Elize Smit - hanteer die reeksbestellings, 'n enorme taak

Rina Herman - het talle diverse handelaars, Dialorders en die Op-sig boeke wat al haar energie verg

Anette Prinsloo - Sautter und Lackman en Martinus Nijhoff is onder haar ingedeel en sy het beslis 'n slag met die uitlanders

Hannelie Grobler - hanteer Ballen en sy het gou geleer om nie moedeloos te raak oor die groot hoeveelhede status verslae nie

Gardi Nel - is betrokke by Bailey Bros en Blackwell's wat, eg Brits, ook maar nukke het

Carina van Wyk - in Irene se plek is sy verantwoordelik vir John Smith en sy hanteer haar taak baie effektief

Waar ons aan die einde van nog 'n maand staan kan BOEKONTVANGSTE met vrymoedigheid sê: ONS WERK AS 'N SPAN EN ONS DOEN DIT GOED!!!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



PROF P G NEL KOM GROET





PROF GERRYTS Sê DANKIE
AAN MNR DAWIE HUGHES
VIR 40 JAAR GETROUE DIENS............. EN MEV HUGHES KRY DIE BLOMME



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# *Gelukwense..*

VERJAARSDAE

MEI

| | |
|---|---|
| 2 | Elize Smit (Boekontvangste) |
| 3 | Mev Alida von Backström (Sekretaresse) |
| 5 | Mev Rynette Steyn (Tydskrifte) |
| 6 | Mnr Rolf Tönsing (Navorsing en Ontwikkeling) |
| 8 | Mej Gerda Pretorius (IBL) |
| 9 | Mej Sjeuwke Agema (Onderwerpsontsluiting) |
| 10 | Mev Amèlia Breytenbach (Makro-ontsluiting) |
| 11 | Mnr Richard McKenna (Bindery) |
| 14 | Mnr Johan Botha (Medies) |
| 17 | Mev Frea Lessing (Finansiële Administrasie) |
| 22 | Mnr W P Burger (Veeartsenykunde) |
| 24 | Mnr Hermie van Zyl (Toonbank) |
| 25 | Mev Mara Grobbelaar (IBL) |
| 27 | Mev Minda Meyer (Boekontvangste) |
| 28 | Mev Hannie Pretorius (Tydskrifte)<br>Mnr P S Zaayman (Mindergebruikte Materiaal) |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

PERSONALIA

BEDANKINGS

Mev Leza Putter - Tydskrifte



Mej Zeta Roux - Tydskrifte



Mev Marlene Vorster - Vlak 5

Ons sê dankie aan Leza, Zeta en Marlene vir lekker saamwerk.
Voorspoed vir die toekoms.

*****************

Geluk aan Ouma Minda Meyer met die geboorte van Niel



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




AFRICANA - HERORGANISASIE






......UITSTALLING VLAK 6

DIE TRAPPE VOOR MERENSKY
WORD VERANDER




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## BESOEKERS VAN DIE STAATSBIBLIOTEEK









Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Universiteit van Pretoria

# Biblioteekdiens

## BIBLIKASIE

MEI

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

NUWE SABINET - TARIEWE VIR DIE 1988/1989 FINANSIëLE JAAR

Tydens die Sabinet-Algemene Jaarvergadering, wat op 18 September 1987 in Windhoek gehou is, het die Besturende Direkteur, mnr W F Coetzee, die Sabinet-tariewe vir die 1988/1989 finansiële jaar aan die teenwoordige lede bekend gemaak. Die vernaamste tariefaanpassings is die volgende:

(a) Volgens mnr Coetzee was die aanvanklike NE-koste in 1982 R0,25. Aanpassings vir inflasie is egter nooit ten volle by die NE-kostes bereken nie, wat tot groot voordeel van alle lede was.

Die NE-koste vir die 1988/-1989 finansiële jaar word met 15% - wat weereens heelwat laer is as die huidige inflasiekoers tot R0,39 verhoog. Hierdie prysstyging maak ook voorsiening vir 'n verhoging van 4 na 5 krediete vir instansies wat op Sabinet katalogiseer, sal die koste aangegaan dus minder wees, aangesien 5 krediete (gelykstaande aan R1,95 per rekord) sal ontvang vir elke finale bibliografiese rekord wat hy skep. Die koste van 'n dienspakket vir volle lede, wat steeds 18,000 NE'e insluit, sal R7 020,00 beloop.

(b) Sabipos

Afsonderlike fakturering vir gebruik van Sabipos sal vanaf die 1988/1989 finansiële jaar gestaak word, en vereenvoudigde tariewe sal dan ingestel word. Die gebruik van die stelsel sal in NE'e betaalbaar wees, en dit sal nie vir lede nodig wees om Sabinet afsonderlik vir die gebruik daarvan te vereffen nie.

Die maandelikse subskripsie fooi word ook gestaak. Die nuwe Sabipos-tariewe sal soos volg wees:

| | |
|---|---|
| Tarief per minuut | : 1 NE |
| Bergkoste | : 1/3 NE per maand |
| Argivering | : 1/3 NE per maand |

(c) Opleiding

Vanaf die 1988/1989 finansiële jaar sal 'n lid gratis opleiding ontvang, gebaseer op die aantal dienspakkette wat gedurende die finansiële jaar deur hom aangekoop word.

Vir elke 1-5 dienspakkette wat deur die lid aangekoop sal word, sal hy 1 "kursusstel" ontvang ('n kursusstel word verduidelik as die aantal kursusdae - tans 13 - wat 'n lid benodig om al die beskikbare Sabinet-opleiding te ondergaan) kursusstelle sal slegs op voorafgeskeduleerde kursusse (nie ad hoc kursusse nie) van toepassing wees. Dokumentasie sal nie met gratis opleiding verskaf word nie.

Indien 'n lid opleiding benodig wat nie deur 'n gratis kurssusstel gedek word nie, sal hy opleidingskoste van R95,00 per persoon per dag betaal. Hierdie koste is ook van toepassing vir instansies wat addisionele opleiding buite die voorafgepubliseerde opleidingskedule benodig. Reis- en verblyfkostes die kursusse in die Sabinet--streke sal ook vir die rekening van die deelnemende lid/lede wees.

BRON: Sabinet-Nuus/News nr 31 OKTOBER 1987.

---



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

SIMPOSIUM OOR VAKREFERENSIE:
27 MAART 1988

'n Simposium wat deur die Afdeling Vakreferente van UNISA aangebied is, is deur die Dagbestuur van Vakbibliotekarisse en mev Hannie Bezuidenhout bygewoon. Daar was twaalf referate wat deur tuis-vakbibliotekarisse self aangebied is. Op die manier is 'n goeie beeld geskep van die organisasie en dienste van die Afdeling Vakreferente van die SANLAM-biblioteek by UNISA.

Mnr Robert Poller was eerste aan die woord oor die organisatoriese veranderinge wat daar sedert 1972 plaasgevind het. Waar die diens begin het met 6 vakreferente wat elk 'n uiteenlopende verskeidenheid van tot 8 vakgebiede moes hanteer, is daar nou sowat 30 Vakbibliotekarisse wat in twee groepe elk onder 'n adjunk--bibliotekaris werk.

Na mnr Poller het die volgende vier referate 'n oorsig gegee van die funksies van die Afdeling Vakreferente by UNISA. Dit het uiteengeval in:

1. Hulpverlening aan die nagraadse student - mev N.
2. Skakeling met dosente.
3. Opstel van bibliografieë.
4. Ontwikkeling van die versameling.

Gedurende die tweede sessie is aandag gegee aan

1. Die ontwikkeling van 'n aansluitbeleid vir Africana - mej D Rowse.
2. Probleme rondom prestasiemeting - mev G Dalton.
3. Die gebruik van CD-Rom by naslaanwerk - mnr R Poller.


Hiermee saam is CD-Rom-produkte gedemonstreer.

Die laaste sessie is gewy aan

1. Die opleiding van Vakreferente
   - indiens - mev T Erasmus en
   - voortgeset - mej C Walker
2. Die aanvraag na gemeenskapsdiens - mej C du Plessis
3. Die hef van tariewe vir dienste - mnr N Ferreira

Ter afsluiting is die gevoelens van teenwoordiges, ten opsigte van 'n nasionale afdeling vir vakreferente, getoets, waarna 'n begeleide toer deur die ruim nuwe biblioteek gevolg het.

In die eersvolgende uitgawes van Biblikasie sal elk van die genoemde items in meer besonderhede bespreek word.





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

PERSONALIA

BABAVREUGDE

IBL-personeel groet vir Stella Rheeder met gemengde gevoelens. Ons sê totsiens aan 'n baie goeie getroue werker en is baie jammer dat sy ons diens verlaat. Ons is egter ook saam met haar en haar man verheug oor haar rede vir haar bedanking. Hulle word op 20 Mei die trotse ouers van 'n babaseuntjie. Ons hoop hulle sal baie vreugde met die kleinding ervaar en ons wens hulle alles van die beste toe.

---

IBL VERWELKOM NUWE PERSONEELLID

IBL se geledere is vanaf 1 Mei weer versterk met die koms van mev Corinne Smit. Sy was voorheen werksaam in die biblioteke van die Weermag en Krygkor. Daarna was sy vir vyf jaar tuis om drie jong woelwaters besig te hou. Sy voel hulle is nou groot genoeg dat sy weer kan uithuisig werk. Welkom Corinne, ons hoop jy werk lekker saam met ons.

M GROBBELAAR

---

Beterskap en goeie gesondheid aan die volgende personeellede:

RIA VIVIERS (Regte)<br>SALOMIE STOLZ (Vlak 4)<br>HERMIEN WIUM (Musiek)

************

Geluk aan ANSIE WATKINS met die geboorte van 'n seuntjie.

************

Die Direkteur en personeel wil graag hulle innige simpatie betuig met Elda Smit en Cathy Gainsford, met die afsterwe van hul vaders. Ons gebede is met julle.

*************



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

B E D A N K I N G S

MEV ELMA KOCK (Africana)

Ons sê dankie vir die saamwerk en ons wens haar alle voorspoed vir die toekoms toe.

---

MEV TINKIE BOTHA

Tinkie gaan ons verlaat. Sy vertrek reeds die 3e Junie aangesien sy vir die res van die maand met verlof is. Ons gaan haar baie mis. Sy was vir ons 'n groot aanwins by die Seksie Tik- en Liassering sowel as by die verskeie aflospunte, waar ons maar gereeld haar knoppie gedruk het. Sy was altyd gereed en bereidwillig.

Ons sê baie-baie dankie.....!!!
Dit was aangenaam om saam te werk. Ons wens haar 'n baie voorspoedige toekoms toe, veral in dié rigting waarin sy nou wil beweeg, naamlik die rekenaarwêreld, waarvan sy beslis 'n groot sukses sal maak.

MEV S OLIVIER



NUWE AANSTELLINGS

Naam: Mev Anna-Marie Young
Getroud: 2 seuns en 1 dogter
Aangestel by: Bibliografiese Ontsluiting
Vorige ondervinding: Onderwys, Unisa Biblioteek en RGN
Belangstellings: Muurbal, Naaldwerk
Verjaarsdag: 11 Julie

---

Naam: Mev Corinne Smit
Getroud: 1 dogter en 2 seuns
Aangestel by: IBL
Vorige ondervinding: Weermag en Krygkor
Belangstellings: Naaldwerk, Lees, Aerobiese oefeninge, tuinmaak
Verjaarsdag: 6 Januarie

---



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Gelukwense..



VERJAARSDAE

UNIE

6 Mev Olivia Webb (Africana)

13 Mej Rita Badenhorst (6de Vlak)

18 Mev Natalia du Plessis (IBL)

25 Mnr Corrie du Preez (Bindery)
Mev Magda Botha (Tydskrifte)

27 Mev Anita Lochner (6de Vlak)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## DIE BRIEWEBUS

Die Redakeur
Biblikasie

19 Mei 1988

Dagsê,

Gun my die geleentheid om deur die kolomme van Biblikasie vir die opstellers van die Argitektuur-uitstalling wat tans op vlak 3 staan, geluk te wens met 'n goed uitgewerkte aanbieding. 'n Mens hoef maar net te kyk hoeveel gebruikers daar 'n oomblik verwyl om af te lei hoe populêr dit is.

Groete

P DE KOCK

---

Prof O W Prozesky
Vise-rektor: Akademies
(Natuurwetenskappe)
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

9 Mei 1988

Geagte prof Prozesky

Hiermee wens ek u graag van harte geluk met die onlangse ontvangs van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se Havengaprys vir geneeskunde. Met die Hans Snyckers-gedenkprys en die Eugéne Marais-gedenkmedalje wat ook onlangs aan u toegeken is nog vars in die geheue, is dit inderdaad 'n fenomenale prestasie. Dit is inderdaad 'n voorreg om met iemand van so 'n wetenskaplikakademiese statuur te kan assosieer. Ons sal graag deur die dienste wat ons aan UP se wetenskaplikes lewer 'n pyl probeer handhaaf wat aan die goeie voorbeeld wat u self stel, reg sal laat geskied.

Nogmaals van harte geluk.

Vriendelike groete

PROF E D GERRYTS EN DIE TOPBESTUUR EN ANDER KOLLEGAS IN DIE BIBLIOTEEKDIENS



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

VIR AANDAG TOPBESTUUR

BIBLIKASIE : DIE HUIDIGE STAND VAN SAKE

Die verandering van Biblikasie na sy huidige formaat en die algemene reaksie van die personeel daarop, dwing my om die saak onder u aandag te bring. In die era waar komminikasie een van 1988 se hoofdoelwitte van die Biblioteekdiens is, is dit vir my ontstellend dat die enigste werklik-werkende kommunikasiekanaal wat bestaan het, veral tussen die Merensky en die Takbiblioteke nou vir alle praktiese doeleindes tot niet is. Die kontak wat deur Biblikasie geskied het, veral ten opsigte van gebeure op die hoofkampus en die Merensky self was vir ons onontbeerlik. Dit raak nie slegs die professionele aangeleenthede nie, maar veral ook die algemene personeelaangeleenthede waartoe ons nou geen inligtingskanaal het nie. Ek benader die saak nou uit die punt van die takbiblioteke, maar soos wat ek die gevoel gepeil het voel die Merensky-personeel presies dieselfde.

Alhoewel die beweegrede tot die stap vir ons uiteengesit is, is die nadele van so 'n stap nie opweegbaar teen die voordele van die blad soos dit in die verlede bestaan het nie. Ek kan my dit nie indink hoe kan 'n blad wat die een jaar sy 10-jarige bestaan suksesvol vier nie, skaars 'n jaar later tot niet verklaar word nie - want dit is wat in wese nou gebeur het. Die algemene gevoel is op die huidige tydstip so negatief teen die huidige blad dat daar al hoe meer stemme opgaan teen die algehele boikot van die blad.

Indien die hoeveelheid tyd en arbeid wat in die voorbereiding van Biblikasie ingaan, as faktor in die verandering van die formaat gegeld het, moet die volgende sake in ag geneem word. Die tyd om die meer substansiële bydraes te skryf, geskied gewoonlik in die personeel se vrye tyd - soos die opleeswerk wat gewoonlik benodig word om so 'n bydrae saam te stel. In al die jare van Biblikasie se bestaan het ek nog nooit gehoor of gesien dat 'n personeellid sy werk agteruitskuif om 'n Biblikasie-bydrae te skryf nie. Die bydrae wat wel in werkstyd geskryf word is so klein dat dit byna nie berekenbaar op 'n maand se produksie is nie. Indien die oorsaak lê in die tyd wat gaan in die fisiese samestelling van die blad, kan dit ook tot 'n groot mate verminder word deur 'n bietjie beplanning. Ek is bereid om indien 'n tikster tot die beskikking is die blad na ure in my eie tyd te kom doen. Daar kan wel na die uitleg en prosessering gekyk word om die blad meer kosteeffektief te maak.

In my soektog na die geskiedenis van die Mediese Biblioteek 'n jaar gelede vir die destydse dekaan, prof F G Geldenhuys (inligting wat hy benodig het vir die 40-jarige bestaansviering van die Fakulteit Geneeskunde) het Biblikasie as my hoofinligtingsbron vir die geskiedenis van die afgelope 10 jaar gedien. Die inligting in ander blaaie van die Universiteit was so oppervlakkig en die biblioteek, veral die mediese biblioteek so gebrekkig dat as dit nie vir Biblikasie was nie, daar byna geen inligting oor die huidige Mediese Biblioteek sou gewees het nie. Huidig sal al daardie belangrike inligting ook verlore wees, of net nooit nêrens opgeteken word nie.

Verskeie van die gereelde bydraers het, toe hulle om kommentaar oor die huidige stand van sake genader is, veral gewag gemaak van die erkenning



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

wat hulle van mense buite die Biblioteekdiens gekry het. Die positiewe bydrae wat Biblikasie as beeldbou-orgaan na buite maak kan nie te gering geskat word nie. Een voorbeeld in die geval is die brief van mnr Tönsing wat in Biblikasie verskyn het oor sy "probleme" met 'n kraamhospitaal wat later in die nasionale pers opgeneem is. Ander gevalle is kommentaar van die Rektor en dekane, asook lede van departemente, veral die Departement Biblioteek- en Inligtingkunde.

Die gedeelte van die ou Biblikasie wat nou die nuwe Biblikasie vorm, is juis die gedeele wat die heel minste gelees word. Dit is al enkele jare gelede in 'n ondersoek onder al die personeel vasgestel. Deur die "professionele" nuus met die ander gebeure te meng word dit tog onder die personeel se aandag gebring, veral as 'n meer informele skryfstyl gebruik word. Nou word daar slegs na die foto's gekyk, en die blad beland in die asblik - al die harde werk ten spyt. Die blad verg nog net soveel tyd en werk as in die verlede, maar sy kommunikasie- en trefkrag het tot die minimum afgeneem.

Ten laaste wil ek u net ook daarop wys dat ons vandag nog nie April se Biblikasie ontvang het nie, al was hy reeds 'n week gelede al beskikbaar. So ver ek kon vasstel het nog nie een van die ander takbiblioteke hulle s'n ook ontvang nie. Dit lyk my die kanaal is nou finaal en al gebreek.

In die meningsopname onder van die personeel oor die stand van sake is dit geopper dat die personeel dalk kan oorweeg om 'n blad op hul eie te bedryf as 'n alternatiewe kanaal. Ek vra dus mooi dat die besluit in heroorweging geneem word, ter wille van die hele Biblioteekdiens, en veral die gees van samehorigheid wat so uiters belangrik is, en reeds probleme verskaf vanweë die aantal en verspreidheid van die personeel.

Ek vertrou dat my versoek u gunstige aandag sal geniet.

MAGRIET LEE



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

VAN: DIRKTEUR (BIBLIOTEEKDIENS)

AAN: MEJ M LEE

BIBLIKASIE: DIE HUIDIGE STAND VAN SAKE

Mej Pienaar was so vriendelik om skrywe in verband met bostaande aan my deur te gee. Baie dankie daarvoor - ek waardeer u openhartige besorgdheid oor hierdie aangeleentheid. Na al die jare was ons mekaar ken, is ek seker dat u aanvaar dat ekself allermins tevrede en gelukkig is oor die huidige stand van sake. Ongelukkig word it in terme van die Universiteit se rasionaliserings- en besnoeiingsbeleid van ons senior bestuurders verwag om dergelike stappe te neem. Trouens, kort na hierdie tussentydse reëling van my kant het prof Prozesky die aangeleentheid met my bespreek en was ek in die gelukkige posisie om hom te kon inlig dat ons reeds die saak heroorweeg.

Ek vertrou dat die samesprekings met prof Alberts op Dinsdag 17 Mei tog die boodskap aan u deurgegee het dat ek slegs met die beste moontlike interne kommunikasie in ons Biblioteekdiens tevrede sal wees. Dit raak by uitstek ons kommunikasie met die takbiblioteke. Dit is vir my persoonlik 'n teer saak dat u te alle tye ten nouste aan ons verbonde moet voel. Ek is optimisties dat die kommunikasie-oefening wat ons nou gesamentlik gaan deurvoer vir ons die beste moontlike situasie gaan help skep. Die blote feit dat ek stappe van hierdie aard doen, is 'n aanduiding van die belangrikheid waarmee ek die saak bejeën.

Ek hoop dat u tog oor die jare ervaar het dat die bevordering van goeie onderlinge personeelverhoudinge vir my besonder belangrik is by die skepping van ons Biblioteekdiens se organisasieklimaat. Trouens, by die diensverlatingsonderhoude met personeel blyk dit steeds een van ons sterk punte te wees wat ons moet koester en ek kan u verseker dat ek myself altyd daarvoor sal beywer. My probleem is uiteraard dat ek die bevordering hiervan na aanleiding van die verandering in my eie verantwoordelikhede in 'n al groter mate aan my medetopbestuurslede en ook middelbestuurslede moet delegeer. Baie dankie vir wat u persoonlik as middelbestuurder ook in hierdie verband doen.

Ek waardeer u aanbod om self 'n praktiese bydrae te lewer ter verbetering van die Biblikasie-situasie. Ek hou dit in gedagte en ek sal graag ter gelegener tyd met u en ander oud-redakteurs van Biblikasie gesels. Ek wag daarmee tot tyd en wyl ons kommunikasie-oefening afgehandel is sodat ek met 'n weloorweë saak na die rektoraat kan gaan.

Vriendelike groete

E D GERRYTS



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



Prof Gerryts geniet 'n grappie saam met Tydskrif-personeel

Tydskrif-personeel geniet verversings saam met mev Bettie Langkilde ter viering van die trek van Tydskrifte





Mnr Duminy kom besoek ons op sy 60ste verjaarsdag



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

DIE RGN-PROJEK IS SUKSESVOL AFGEHANDEL EN ALMAL GENIET DIE GESELLIGE VERKEER







Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Universiteit van Pretoria

Biblioteekdiens

# BIBLIKASIE

JUNIE

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## SABINET-NUUS

### TISAB-RETCON-projek voltooi

Die eerste fase van die projek (die skep van minstens een inskrywing vir elke TISAB-titel wat nog nie in die SABINET--databasis was nie) is teen die einde van November 1987 afgehandel. Die tweede fase van die projek het in Januarie 1988 'n aanvang geneem en die manipulering van die RETCON-lêers vir die oorplasing van die besitsrekords vanaf die TISAB-databasis na die SABINET-databasis is aangepak. Alle titelinskrywings is nou voltooi nadat die tweede fase teen die einde van April afgehandel is.

Die TISAB-kantoor van die Staatsbiblioteek wil dan ook hiermee dank uitspreek teenoor die Inter-universitêre Biblioteekkomitee (IBK) en biblioteke van die volgende instansies wat aan die projek deelgeneem het, naamlik WNNR, Randse Afrikaanse Universiteit, UNISA, Potchefstroomse Universiteit vir CHO, MEDUNSA en die Universiteite van Pretoria, Stellenbosch, Witwatersrand, Oranje-Vrystaat en Kaapstad. Sonder almal se samewerking, ondersteuning en finansiële hulp sou die projek nie kon slaag nie.

As gevolg van die sukses van die RETCON-projek het die TISAB-kantoor dan ook besluit om verantwoordelikheid te aanvaar vir die reeksgesagslêer van die SABINET--databasis. Daar word beoog om gedurende Mei of Junie vanjaar hiermee te begin. Boodskappe in verband met foutiewe inskrywings ten opsigte van reekse kan egter alreeds aan die TISAB-kantoor gestuur word.

Susan de Wet
Bron: SABINET BULLETIN
Vol 4 No 1 1988

## SIMPOSIUM OOR VAKREFERENSIE

### Die opleiding van vakreferente

Daar is aandag gegee aan twee aspekte naamlik Indiensopleiding en Voortgesette opleiding.

Indiensopleiding: Is aangebied deur mev Talana Erasmus.

Alle nuwe vakreferente of assistente ontvang drie dae informele opleiding. Die opleiding word deur kollegas aangebied.

Daar vind ook formele opleiding van nuwe personeel plaas. Dit handel hoofsaaklik oor die inskakeling van die nuwe personeel in die verskeie afdelings in die biblioteek. Elke afdeling word besoek, lesings oor aktiwiteite en prosedures in 'n afdeling word aangebied en ten einde vind daar evaluering op 'n skriftelike wyse plaas.

Hierdie opleiding word gedoen nadat enkele behoeftes geïdentifiseer is, naamlik:

(1) 'n Persoon is biblioteek- en inligtingkundig opgelei, maar beskik nie noodwendig oor vakkennis nie. 'n Biblioteek- en inligtingkwalifikasie is 'n vereiste, maar nie spesifieke vakkennis nie. Deur middel van formele opleiding word die persoon in die vakkennis ingelyf, byvoorbeeld Semitiese of Romaanse tale.

(2) Personeellede beskik nie oor formele kommunikasie-vaardighede nie, terwyl daar in die naslaan- en inligtingsdienslewering voortdurend kommunikasie plaasvind. Hier word ook twee kategorieë onderskei, naamlik

(a) basiese kommunikasie-vaardighede wat 'n pasafgestudeerde byvoorbeeld vakreferent-assis-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

tent benodig om effektief te kan werk;

(b) vakreferente wat reeds oor die nodige agtergrondskennis van kommunikasie beskik, maar wat verantwoordelikheid vir ander personeel ondergeskik aan hom/haar, dra. Dit geskied oor 'n lang periode en is dus 'n langtermyndoelwit.

Die vakbibliotekaris word opgelei in die basiese riglyne van

(1) Uitbreiding/uitbouing van die vak se voorraad deur middel van aankope van boeke en tydskrifte;

(2) Opstel van bibliografieë;

(3) Inligtingherwinning

(4) Lewering van SDI-dienste aan dosente en nagraadse studente;

(5) Kommunikasie-vaardighede ten opsigte van kollegas, dosente en studente;

(6) Die lewering van rekenaarmatige inligtingsdienste wat intyds plaasvind, byvoorbeeld INEG (plaaslik) en ook internasionaal (Dialog-soektogte)

Die meeste vakbibliotekarisse en/of assistente beskik nie oor formele vakkennis nie, maar word daaraan aandag geskenk deur middel van voortgesette opleiding as 'n voortdurende wyse van opleiding.

Vakbibliotekarisse aan UNISA moet oor die volgende basiese agtergrond beskik:

(1) Akademiese agtergrond, byvoorbeeld 'n Honneurs in Sielkunde of enige ander vakgebied wat aan die persoon toegewys is;

(2) Professionele agtergrond, byvoorbeeld HDB, B.Bibl of enige ander biblioteekkwalifikasie plus 'n honneurs.

Vakbibliotekarisse en assistente word ook verder in diens opgelei in die volgende aspekte, naamlik keuringsbeleid van UNISA, die jaarlikse begroting, die biblioteek se unieke plek en rol in afstandsonderrig en navorsing.

In voortgesette opleiding word daar gepoog om aandag te gee aan:

(a) basiese opleiding in rekenaarvaardigheid;

(b) opleiding en hantering van nasionale en internasionale inligtingstelsels;

(c) opleiding in die aanleer van kommunikasie-vaardighede;

(d) opleiding in vakinligting, byvoorbeeld Regte Vakkundige naslaankursusse.

Kennisverryking vind ook plaas deur die bywoning van konferensies, belangegroepe, professionele leeswerk en die bywoning van departementele en fakulteitsvergaderings.

Die lesing oor <u>Voortgesette opleiding</u> is aangebied deur mej Clare Walker van Johannesburg.

Mej Walker het begin met 'n interessante aanhef, naamlik "Being a reference librarian means ... never having to say no ..."

Die vraag moet dus afgevra word - Watter tipe mens is nodig wat dit moontlik maak om nooit nee te sê nie?? Sy gaan dus van die standpunt uit dat almal nie vakbibliotekarisse kan en wil wees nie. Daar moet dus vasgestel word wie regtig 'n vakbibliote-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

karis wil wees.

Om vakbibliotekaris te wees moet daar aan die volgende vaardighede en persoonlike eienskappe voldoen word:

intelligence;
curiosity;
selfconfidence;
patience;
good humor;
imagination;
reasoning;
helpfulness.

Hoe word bogenoemde vaardighede en eienskappe bekom en in stand gehou?

Hier is twee belangrike redes, naamlik

(1) motivering en veral

(2) selfmotivering

Die vakbibliotekaris word gemotiveer om vakkennis op te doen. Dit alleen is nie genoeg nie. Hierdie vakkennis moet ook bruikbaar wees en hiervoor het die vakbibliotekaris van bogenoemde persoonlike eienskappe en vaardighede nodig. Met ander woorde, dit wat hy leer moet hy kan toepas en bruikbaar maak vir sy gebruikers.

Die vakbibliotekaris moet tweedens aan homself professionele standaarde stel. Dit is elke bibliotekaris se eie verantwoordelikheid om te sorg vir sy eie persoonlike ontwikkeling. Hy moet self besluit of hy byvoorbeeld formele opleiding nodig het in byvoorbeeld die vorm van 'n tweede graad, veral ten opsigte van 'n spesialis op 'n bepaalde vakgebied.

Die motivering van senior en ervare personeel speel 'n belangrike rol by die professionele selfontwikkeling van die vakbibliotekaris. Dit beteken egter nie dat vakbibliotekarisse moet wag totdat die biblioteek u stuur om 'n kursus by te woon nie. Spring self uit en toon belangstelling. Die vakbibliotekaris moet die wil en belangstelling hê om homself te verbeter en daardeur 'n beter kwaliteit diens te lewer.

Mej Walker noem dat voortgesette opleiding een van vier bene van loopbaanontwikkeling uitmaak. Die vier bene is as volg:

(1) formele opleiding

(2) voortgesette opleiding

(3) personeelontwikkeling

(4) loopbaanbeplanning

Sy gaan van die standpunt uit dat die bywoning van kort kursusse en informele opleiding, geleenthede is vir opleiding. Dit is noodsaaklik vir die nodige agtergrondskennis vir die vakbibliotekaris. Professionele opleiding moet egter geskied met 'n spesifieke doel voor oë.

Haar definisie van voortgesette opleiding is dus baie beskrywend:

"Continuing education is a means of bridging a gap between where you are and where you want to be".

Daar is twee areas/gebiede wat oorweeg kan word vir voortgesette opleiding:

A. Tegnieke/metodes

Bepaalde tegnieke en werkswyses kan aangeleer word deur

- indiensopleiding
- toesighouding (shadowing & supervision)
- opleiding-handleidings en die bespreking daarvan
- simulasie
- gevalle-studies

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

B. Vakkennis

Vakkennis kan bekom word deur:

- lees. Dit sluit in die lees van inleidings in boeke, die lees van 'n voorwoord, 'n ekserp of 'n artikel in 'n ensiklopedie.

- die stel van "eie" professionele standaarde deur byvoorbeeld kennis te dra van vakterminologie, klassifikasie en katalogisering van jou vakgebiede.

Die vakbibliotekaris moet die "kaart" van sy vakgebied bestudeer en 'n geheelbeeld kry van die vakgebied. Dit kan geskied deur middel van

* gereelde rakkontrole, die wegpak van boeke;

* bespreking van bronne en naslaanwerke (byvoorbeeld junior personeel wat maandeliks of twee-weekliks moet terugrapporteer oor bepaalde bronne)

* in-mandjie-tegniek vir senior personeel. The outcome of Continuing Education is accountability; providing the continuing assessment of competence to practice".

Accountability beteken verantwoordelikheid. Die vakbibliotekaris het dus altyd eie standaarde waaraan hy homself moet meet.

Die vakbibliotekaris se effektiwiteit ten opsigte van werksverrigting kan gemeet word aan die volgende:

* vakkennis
* verantwoordelikheid
* produktiwiteit
* die kwaliteit van dienste gelewer
* kommunikasie-vaardighede

en die mees belangrikste

* motivering en selfmotivering om 'n vakbibliotekaris te wees!

PRESTASIE-EVALUERING

In 'n referaat getitel "Probleme rondom Prestasiemeting" het mev Gwenda Dalton, vakreferent by UNISA 'n oorsig gegee van die doel, funksie, en veral probleme wat met prestasiemeting gepaard gaan.

In die literatuur het dit geblyk dat prestasie-evaluering vroeër nie as noodsaaklik gereken is nie, maar eers in die sestiger- en sewentigerjare werklik ter sprake gekom het. In teenstelling met statistiekhouding waaroor daar baie geskryf is, is daar besonder min inligting oor prestasie-evaluering in biblioteke. Daar is blykbaar 'n eenheid (waarksynlik in die VSA) wat 'n handleiding vir prestasie-evaluering in biblioteke geskep het gedurende die afgelope twee jaar, maar dit is nog nie wêreldwyd besikbaar nie.

In haar uiteensetting van die program self, het sy tot 'n groot mate van die inligting gebruik gemaak wat die toesighouers in UP se biblioteekdiens tydens hulle kursusse oor die onderwerp van mnre Beetge, Combrink en Malan ontvang het.

Soos wat dit blyk is dit die moeilikste om personeel wat veral met inligtingsdienste te doen het, werklik volgens hulle prestasie te evalueer, en moet die missie, doel en doelwitte van die afdeling baie goed uitgespel wees voordat evaluering kan plaasvind. Sy het die volgende sake as voordele van so 'n stelsel gesien:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Aanduiding van die kwaliteit sowel as kwantiteit diens wat gelewer word;

as vormingsproses vir die personeel;

dit bevorder effektiwiteit en verantwoordelikheid;

meet verandering in die organisasie;

beklemtoon akkurate interne statistiekhouding; en

dit kweek beter gebruikers.

Die beperkinge van so 'n stelsel behels die volgende:

Die benadering van die personeel;

teenkanting teen so 'n stelsel;

dis slegs 'n aanduiding en nie die Alfa en Omega van werksaamhede nie; en

daar kan probleme ondervind word met die formulering van doelwitte.

Ten slotte het sy dit beklemtoon dat prestasiemeting nie die end en antwoord van alles is nie. Dit is slegs 'n manier om data hard te maak, en sodoende die diens te verbeter. UNISA het self nog nie 'n stelsel wat in gebruik is nie, en is self besig om die saak te ondersoek.

Magriet Lee

WYSIGINGE AAN VOORKLINIESE BIBLIOTEEK

Ek bevestig hiermee dat 'n bespreking oor die moontlike wysiginge aan hierdie Biblioteek vanoggend met die betrokke argitekte (mnre Viljoen en Moni) gevoer is. Mnre Potgieter en Booyens (Fasiliteite Beplanning) asook mnr Otto en mev Marsh was teenwoordig.

As deel van die totale opknapping van die gebou sal aandag gegee word aan sonindringing en die ventilasiestelsel. Mure, plafon en kolomme sal geverf word. Die argitekte sal verdere ondersoek instel na:

Die voorsiening van 'n boekhyser;

Afskorting van die seminaarkamer as opleidingslokaal;

Inrigting van 'n ERID-kamer langs mev Marsh se werkruimte;

Inrigting van 'n werkkamer vir die dienswerkers in die huidige ontspanningsarea op die onderste vlak;

Inrigting van 'n groter lokaal vir fotokopiëring;

Beter voorsiening vir die plasing van die katalogus (rekenaarterminaal, mikrofiche- en kaartkatalogus);

Moontlike wysiginge aan die toonbankarea om meer ruimte te wen.

By die skedulering van die projek sal die piektye in biblioteekgebruik in gedagte gehou word. Dit is moontlik dat die werk reeds oor die komende universiteitsvakansie 'n aanvang kan neem. Ons verwag binne 'n week terugvoer van die argitekte oor die bostaande sake.

Dr H de Bruin

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## REDAKSIONEEL

Die geskiedenis het bewys dat niemand van veranderinge hou nie. Toe die eerste motor op die mark verskyn het, het mense gesê die motor sal nooit byval vind nie ...

Wat BIBLIKASIE betref, het dit nou tyd geword vir verandering. Rasionalisasie is deesdae op almal se lippe. Na prof Gerryts se samesprekings met die Rektoraat, het Topbestuur besluit dat BIBLIKASIE afgeskaal moet word.

BIBLIKASIE het vir twaalf jaar lank bestaan, en het hoogtepunte en laagtepunte beleef. Vir die personeel was dit 'n bron van inligting waarin iets oor alles en nog wat gelees kon word. Aan alle goeie dinge kom egter 'n einde, en so ook aan BIBLIKASIE.

'n Nuwe blad word in die vooruitsig gestel, met 1 Januarie 1989 as teikendatum.

Intussen sal daar voortgegaan word om belangrike personeelnuus en ter saaklike inligting per omsendbrief aan al die afdelings deur te gee. Namens Bokkie Malan en myself wil ons almal baie dankie sê vir die gereelde bydraes.

Mev Hannie Bezuidenhout

ONS Sê DANKIE

Namens al die personeel van die Merensky-biblioteek wil ek aan Hannie Bezuidenhout en Bokkie Malan baie dankie sê vir hulle harde werk en die moeite wat elke maand met BIBLIKASIE gedoen is. BIBLIKASIE was 'n onontbeerlike kommunikasiebron vir elkeen van ons. Ons het mekaar deur BIBLIKASIE leer ken en meer van die funksies en take van die onderskeie afdelings te wete gekom. Die afsluiting van BIBLIKASIE laat 'n leemte wat moeilik gevul sal kan word.

Weer eens, Hannie en Bokkie, baie dankie. Ons waardeer julle werk.

Jeanette Marais

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## VERJAARSDAE

### JULIE

6 Mej H M Prinsloo
(GSV)

7 Mnr J A Wiesner
(Regte)

11 Mej Anna-Marie Young
(Vlak 5 - saans)

12 Mev Annette Prinsloo
(Boekontvangs)

14 Mnr Gideon Roets
(Finansiële Admin)


18 Mev C M Badenhorst
(Onderwerpsontsluiting)

19 Mej Ina Boon
(Bibliografiese Ontsluiting)

24 Mev Cathy Gainsford
(Bindery)

25 Mev Helena Garner
(Bibliografiese Ontsluiting)

30 Mev Gerda Beukes
(Navorsing en Ontwikkeling)




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

NUWE AANSTELLINGS

Naam: Mev Sunette Steynberg
Getroud - 1 dogter
Aangestel by: Tydskrifte
Vorige ondervinding:
Dept Nywerheidswese, Handel en Toerisme (Bibliotekaris), WNNR (IBL'e) en afskryf van boeke.
Belangstellings:
Tennis en musiek
Verjaarsdag: 1 Augustus



**************

Naam: Mev Lucy v d Vyver
Getroud - 1 dogter en 3 seuns
Aangestel by: Tydskrifte
Vorige ondervinding:
Onderwys, Dept Finansies
Belangstellings:
Naaldwerk en rolbal
Verjaarsdag: 21 Maart



**************

Naam: Mej Heila Pienaar
Ongetroud
Aangestel by: Navorsing en Ontwikkeling
Vorige ondervinding: S A Weermag (Militêre Inligting) en UNISA Biblioteek
Belangstellings:
Binnehuisversiering, kleur-analise, lees
Verjaarsdag: 18 Desember



**************

PLAKKAATKOMPETISIE




Van links na regs:
Mnre Mike Joubert, Jacque Lange, mej Anita Marinus, mnre Philip Nel en Hansie Visagie, prof E Gerryts

Mnr Struik (Besturende Direkteur, Van Schaik's) oorhandig pryse aan Arno Geyser, Jacques Lange en Anita Marinus, die wenners van die plakkaatkompetisie









Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## UITSTALLING VLAK 6










Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UITSTALLING BY KULTUURHISTORIESE INSTITUUT


VAN DIE VAN EWIJCK SKENKING







Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019